

## Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Oktober 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 62:4, 5 (p. 302)

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe<sup>en</sup> lot,  
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.
- 5 In God is al my heil, my eer, / my sterke rots en teëweer.  
God is my toevlug in die lewe. / Vertrou op Hom, o volk, in smart  
stort voor Hom uit jul hele hart, / God is 'n skuilplek, hoog verhewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 33:1, 6 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde<sup>en</sup> lof verklank!
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Gebed

Psalm 74:8, 9, 16 (p. 373)

- 8 Hoe lank, o God, sal nog die teenparty / ons smaad en tart? Sal dan in ewighede  
u Naam beskimp word in sy lasterrede? / Wat toef U nog en trek u hand tersy?
- 9 Strek uit u hand, die regterhand so sterk, / vernietig hul, die skenders van u woning!  
U is, o God, van ouds af tog my Koning, / U wat op aard' verlossingswonders werk.
- 16 Mag ons, o Heer, u bystand maar erlang! / Maak ons in ons gebedsroem nie verleeë.  
Staan op, o God, en stap u vyand teë, / sodat ons U kan grootmaak in gesang.

**Skriflesing:** Daniël 12:1-13

**Kernverse:** Daniël 12:6-7

**En een het aan die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly? Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word. (Daniël 12:6-7 AFR53)**

**Tema:** Die oorwinning is in Christus gewaarborg

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in die afgelope dekades het daar 'n ont-ploffing van inligting plaasgevind. 'n Mens kan inligting oor elke denkbare onderwerp kry met die druk van 'n knoppie. Dit het nou algemeen geword, as jy iets wil weet dan gaan *google* jy dit. En 'n mens hoef nie eers meer te wag vir môreoggend se koerant om te weet wat anderkant die wêreld gebeur het nie. Sosiale media maak dit moontlik dat jy inligting

van gebeure anderkant die wêreld kan kry terwyl dit aan die gebeur is en nog voordat 'n joernalis by die gebeurtenis is.

Die mense van vandag leef vir die inligting wat hulle so kan bekom. Maar as daar een ding is waarvan alle mense graag kennis wil hê, is dit kennis oor die toekoms. Hoeveel keer het daar by 'n mens al die begeerte gekom: *As ek maar net weet wat oor 'n jaar van nou af gaan gebeur?* Mense wil weet wat in die toekoms gaan gebeur sodat hulle kan beplan en voor-bereidings kan tref. Kennis is mos mag.

Gelowiges wil ook weet wat in die toekoms gaan gebeur. Toe Jesus die laaste keer uit die tempel uitgeloop het, het een van sy dissipels vir Hom gesê: **Meester, kyk watter klippe en watter geboue!** Hierop het Jesus geantwoord dat nie een klip op die ander gelaat sal word nie. Alles sal afgebreek word. Vir die dissipels was dit ontstellende woorde, daarom het hulle vir Hom gevra wanneer hierdie dinge sal gebeur en wat die teken van sy weder-koms en van die einde van die wêreld is (Matt 24:1-3; Mark 13:1-4). Tot kort voor sy hemel-vaart het die dissipels vir Jesus uitgevra oor die toekoms. Hulle het Hom gevra:

**Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.** (Handelinge 1:6-8 AFR53)

Die Here het egter nie geheel en al geswyg oor wat die toekoms vir die gelowiges inhou nie. Inteendeel, die Here stel sy kinders in 'n baie bevoorregte posisie. Hy maak aan hulle bekend wat in die toekoms gaan gebeur, maar Hy teken dit vir hulle in breë lyne – nie in detail nie. Hy maak bekend wat Hy weet die gelowiges moet weet en nie wat hulle wil weet nie.

Broers, susters en kinders, ons het saam met Daniël die voorreg en die groot vreugde om te weet dat die Here die groot verlossing vir sy volk beskik (Dan 12:1b). Die Here sê self:

**In dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.**

Maar met net soveel vreugde as wat Daniël en ons hierdie woorde aangehoor het, word daar met groot hartseer verneem dat hierdie groot verlossing deur 'n baie swaar tyd vooraf-gegaan word (Dan 12:1a).

Hierdie openbaring van die Here aan Daniël het onvermydelik tot die volgende vraag gelei: Hoe lank nog? Vanaf vers 5 verander die toneel. Die engel wat op bevel van die Here die antwoord op Daniël se gebed moes kom gee, staan nou op die punt om te vertrek. Daniël staan nog langs die Tigrisrivier. Hy het gesien dat daar nou twee ander engele ook verskyn het. Een het by hom aan die duskant van die rivier gestaan en die ander een aan die ander kant van die rivier. Die engel wat die antwoord op sy gebed gebring het, was nou bokant die water van die rivier. Een van die engele wat op die oewer van die rivier gestaan het, het die vraag gevra wat voorheen al by Daniël gespook het (Dan 8:13):

**Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly?** (Daniël 12:6b AFR53)

Die engel praat van *wonderbaarlike dinge*, want dit is ondenkbaar dat die Here skynbaar sy volk aan ondergang sou prysgee. Gaan die Here werklik toelaat dat die goddelose magte die heiliges oorwin? Daniël het nie lank gewag om die antwoord te hoor nie. Die engel wat bo-oor die water gestaan het, gee die antwoord:

**'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word. (Daniël 12:7b AFR53)**

Of hierdie antwoord die een is wat Daniël graag sou wou hoor, is nie van belang nie. Dit is die antwoord wat die Here gee tot troos van Daniël en al die gelowiges wat na hom oor die toekoms vrae sal hê. In die antwoord maak die Here twee dinge duidelik. Hy gee die duur sowel as die aard van die tyd van groot benoudheid. Voordat ons by die troos kom van hierdie antwoord, laat ons eers na die aard van die tyd van groot benoudheid kyk.

Kenmerkend van hierdie tyd is die ontsettende verdrukking en verbryseling wat gaan plaas-vind. Dit is nie die heilige volk self wat gebreek sal word nie, maar die mag van die heilige volk. Die volk se hele godsdienstige lewe sal lamgelê word. Die koning van die noorde, van wie die engel gepraat het en wat ons uit die geskiedenis as Antiochus ken, het die tempel-diens lamgelê. Hy het verbied dat die Jode aan die Here die daaglikse offers bring. In die plek daarvan het hy die goddelose aanbidding van sy afgod ingevoer. Hy het egter nie daar opgehou nie. Hy het die Jode wat nog hulle seuntjies besny het met die dood gestraf.

Omdat die verdrukking van die gelowige Jode van destyds die voorprent is van die groot verdrukking wat gaan kom, hoor ons hier ook die aard van die tyd voor die koms van Christus. Die heilige volk is die heilige Christelik kerk van Jesus Christus. Die kerk van Christus het 'n mag in hierdie wêreld. Dit is 'n geestelike mag, want deur die uitleef van die geloof in Jesus Christus kom daar verandering op alle terreine van die samelewing.

Waar gelowiges gehoorsaam die Here in hulle werkplek en woonplek dien, word die seën van die Here tasbaar. So het Potifar die voorspoed wat die Here beskik het opgemerk toe Josef in sy huis begin werk het. Vandag sien en hoor gelowiges steeds hoe die Here hulle tot seën gebruik in die samelewing. Deur die verspreiding van die Here se Woord is daar nog mense wat deur die Heilige Gees gelei word om na te dink, en mettertyd bring Hy verandering in hulle uitkyk op die lewe.

Die duiwel en sy trawante – die Antichris en die valse profeet – duld nie hierdie mag van die kerk nie. Die gelowiges se mag staan in die pad van die Antichris se aspirasies. Daar is ook gelowiges wat die bouse optrede van mense veroordeel en 'n streng vermaning daarvoor uitspreek. Daarom sal die Antichris nie rus voordat hy hierdie mag of invloed van die kerk heeltemal verbreek het nie.

Hierdie verbreking van die invloed van Christene word nou al gesien. Daar word inbreuk gemaak op gelowiges se Sondagviering. Dinge wat vroeër spontaan gereël is om in die week of op Saterdag plaas te vind, word nou gereël om op die Sondag te gebeur. Dit het stadig maar seker begin met hier en daar 'n sportgebeurtenis op Sondag. Deesdae lyk Sondag vir baie mense in ons land net soos Saterdag en hulle bring dit ook so deur, en gelowiges word in dieselfde groef in afgetrek. Met die onlangse hofsak oor godsdienste in die skole het ons ook gesien hoe die bouse magte die invloed van die Christene verbreek. Christene mag oor die Bybel praat, maar moet net nie van Jesus Christus praat nie. So word Christene verhinder om 'n invloed op kinders te hê sodat hulle die lewende God en sy Seun kan leer ken.

Op ander plekke word voorgangers in die kerke in die tronk toegesluit. Voorligting deur gesprekke en geskrifte word verbied. Alle ander dinge en oortuiging mag die volkslewe beïnvloed, behalwe die Christelike geloof. So word die hande van die kerk lam en slap gemaak. Die kerk sal ontmagtig word, maar nie heeltemal nie. Niks en niemand sal kan

keer dat die gelowige in gebed tot die Here roep nie. En gebed bly altyd die kragtige wapen van die gelowige. Die mag van die kerk sal verbreek word sodat elke ware gelowige kan raaksien hoe die Here alleen werk.

En wat die duur van hierdie tyd van groot benoudheid betref, sê die Here dat die einde van die groot verdrukking sal aanbreek na 'n tyd, tye en 'n halwe tyd. Almal wat hierdie aanwysing van die tydsduur hoor, sal sê dat dit vaag is. Daniël het ook nie wyser geword oor hoe lank dit regtig gaan duur nie. Daniël sê self dat hy die antwoord hoor, maar hy verstaan nie wat die Here daarmee bedoel nie. Daarom vra hy weer aan die engel bo-oor die water:

**My heer, wat is die uiteinde van hierdie dinge? (Daniël 12:8b AFR53)**

Jesus het gesê dat nie eers die Seun weet wanneer daardie dag en uur sal aanbreek nie, hoe sal die engel dit dan vir Daniël kon beantwoord? Die Here openbaar nie aan Daniël en aan ons wat ons graag wil weet nie. Hy openbaar net wat ons moet weet. Hierdie aanduiding van die tydsduur van die Antichris se mag is tog verstaanbaar en daarby is dit ook vertroostend.

Dit sal 'n tyd, tye en 'n halwe tyd lank duur. Die eerste aanduiding – 'n tyd – is 'n verwysing na die periode waarin die Antichris sy heerskappy sal vestig op die aarde. En sodra hy eers 'n vastrapplek in hierdie wêreld gekry het, breek die tweede periode van sy ryk aan – dit is die tye. Hierdie woord wat ons met *tye* vertaal kan ook met *dubbele tyd* vertaal word. Dan kan 'n mens dit verstaan dat die swaarkry in die tweede periode sal verdubbel en die druk op die gelowiges toeneem. Van al die beloftes van voorspoed en vrede wat die Antichris sal maak, sal die kerk niks sien nie, want hulle dra nie die merk van die dier nie.

Maar dit is nog nie die einde nie, want die mag van die kerk is nog nie verbreek nie. Daarom volg daar 'n halwe tyd. Dit is in hierdie derde en laaste periode wat die Antichris en sy bese magte die invloed van die kerk finaal sal breek. Maar wanneer die nood op die hoogste is, is die verlossing naby. Op die hoogtepunt van sy mag teen die kerk en teen die Here van die kerk, sal die Antichris ploteseling neergevel word. Midde-in sy woede teen die kerk en die Here sal die Antichris met die asem van Christus se mond vernietig word. Dit is die ryke troos van die woorde *'n halwe tyd* – die tirannie teen die gelowiges word in 'n oomblik stomp afgebreek en dit is die einde van die bese heerskappy van die Antichris. Wanneer Jesus sê dat die dae van die groot verdrukking ingekort word ter wille van die uitverkorenes verwys Hy juis na hierdie halwe tyd. Die Antichris sal nog besig wees om sy geweld te blaas teen die Here en die kerk, dan sal Christus verskyn en dit is verby met hom en al sy boosheid.

Dwarsdeur die eeue het al baie brekers van die kerk opgetree en agter hulle lê die wêreld bloedrooi van die bloed van die gelowiges. Maar al hierdie verwoesters van die kerk vind hulle einde in die Antichris. Hy is onstuitbaar op pad om met sy mokerhoue die diens aan God en Christus te verbreek. Maar hierdie duiwelse mens sal nie uit die pad kan kom van Christus nie. Ons Here Jesus sal die Antichris verpletter en sy einde is ewig.

Die begin van hierdie boodskap van Daniël 12 word al in Genesis 3 verkondig. Daar het God die vyandskap gestel tussen die saad van die vrou en die saad van die slang. Al word

die vrou se saad met die giftige byte van die slang geteister, oorwin die vrou se saad deur die slang se kop te vermorsel. Op Golgota het Christus die duiwel en die sonde oorwin. In sy oorwinning neem Hy elkeen vir Hy aan die kruis gesterf met Hom saam. Deur sy Gees gee Hy aan hulle die krag om in die geloof te volhard en enduit die stryd te voer. En al

word die kerk se mag verbreek en hang die hande slap langs die sye – daar is 'n tydstop bepaal waarop Christus terugkom om die Antichris in die ewige verderf in te verban. Die Antichris sal nie een sekonde langer kan aanhou met sy geweld as wat God bepaal het nie.

Hoe kan die gelowiges seker wees oor hierdie finale oorwinning van Christus oor die Antichris? Kyk wat het die engel gedoen toe hy hierdie antwoord gegee het. Hy het albei sy hande opgehef na die hemel en by die *Ewig-Lewende* – by die enigste lewende God – ge-sweer: Net vir die vasgestelde tyd, tye en 'n halwe tyd sal die tyd van die groot benoudheid duur. Hierdie eed wat die engel sweer bevestig die waarheid van hierdie antwoord.

Nou weet Daniël en ons wat die aard en duur van die tyd van groot benoudheid is. Die Heilige Gees troos ons deurdat Hy ons verseker dat ons weet wat ons moet weet – die Here het niks oor die toekoms van ons weggehou wat ons gaan verras nie. Elke ware gelowige het boonop ook nog die versekering dat Christus hom verlos het, daarom sal niks hom uit die hand van die Here kan ruk nie. En selfs al beteken die Antichris se oorwinning oor die kerk dat die gelowige sterf, weet hy dat nie eers die dood hom van God se liefde in Christus kan skei nie. Die oorwinning oor die Antichris en elke ander bose mag is in Jesus Christus gewaarborg – Hy het inderdaad aan die kruis gesterf vir mense se sondes, maar Hy is uit die dood opgewek om nooit weer te sterf nie maar om vir ewig te heers as Koning van die konings.

Salig is elkeen wat Jesus Christus ken as sy Verlosser en Koning. Welgeluksalig is elkeen wat deur die Gees gelei word om onder die heerskappy van Christus te leef en te stry tot die einde toe.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 124:1, 3 (p. 616)

- 1 Laat Israel nou uitroep bly van gees: / Ja, was die HEER nie toe by ons gewees,  
toe mensemagte, teen ons aangekant, / ons aangegryp het, in hul toorn ontbrand –  
dan was ons lewendig verslind gewees
  
- 3 Geloofd sy God: Hy het ons vrygemaak; / die woedende<sup>o</sup>ondier het ons nie genaak;  
God het die dodelike sprong gestuit / en ons nie oorgelewer tot 'n buit.  
Dies loof ons God: Hy het ons vrygemaak!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
29 Oktober 2017